

**Saterdag 26 Augustus**

**Skrifgedeelte: Johannes 6:47-59**

**Fokusgedeelte: Johannes 6:47; HK Sondag 28, Antwoord 75**

**Die tweede belofte van die nagmaal: Die ewige lewe**

Die versekering wat die Here ons deur die nagmaal wil gee, hou nog meer in as die vergewing van sondes. Dit wil ons ook verseker dat ons deel het aan die ewige lewe. In die nagmaal sien ons immers nie net dat die brood gebreek en die wyn uitgegiet word nie; dit word ook nie net aan ons gegee om daarna te kyk nie; ons eet die brood en ons drink die wyn. Wat ons eet en drink, word deel van onself; dit gaan in ons liggame in, word één daarmee en onderhou so die liggaamlike lewe.

Terwyl die brood en die wyn by die nagmaal nou ontwyfelbare tekens en seëls van die liggaam en bloed van Christus is, gaan by die gelowige gebruik van die nagmaal die lewe van Christus as't ware oor in ons. Ons word dus in so 'n mate een met Hom dat elkeen van ons kan sê: Christus leef in my (Gal. 2:20). Die lewe waarin Christus ons laat deel, is die ewige lewe. Hy verklaar immers self: "Dit verseker ek julle: Wie in My glo, het die ewige lewe" (Joh. 6:47, 54).

Christus verklaar in Johannes 6:54: "Wie my liggaam eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom op die laaste dag uit die dood laat opstaan." Volgens 'n oppervlakkige oordeel mag dit lyk of Christus in hierdie vers na die nagmaal verwys, maar dit is nie die geval nie. Op figuurlike wyse wil Christus hier aan ons sê dat ons Hom en sy evangelie met oorgawe *in die geloof* ("met die mond van die geloof" – Calvin) moet aanneem. (*Eet* en *drink* is in vers 54 simbolies van *sien* en *glo* in vers 40). As ons dit doen, sal Hy ons laat deel in die ewige lewe en ons daarom op die laaste dag laat opstaan uit die dood. Dit is *hierdie geloof* waarmee ons Christus as Verlosser aanneem (Joh. 1:12) wat deur die viering van die nagmaal versterk word.

Deur die nagmaal verseker Christus ons dus dat Hy ons so sal versterk in die geloof en laat voortgaan op die pad van bekering totdat ons uiteindelik die ewige lewe binnegaan. So gee God aan ons deur die nagmaal die sekerheid dat Hy self sal sorg dat niks ons skei van sy liefde nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here (Rom. 8:37-39), en dat ons die ewige lewe in volle saligheid sal beërf (1 Pet. 1:3-5).